



## Kiepersol klink glasië op Romanz se klinkende sukses

Kiepersol se streekbestuur het by sy vergadering Donderdagaand (17 Maart) kennis geneem van die finansiële verslag oor die Romanz-funksie wat die einde van verlede maand aangebied is. Die resultaat het alle verwagtinge oortref en die doelwit wat gestel is ver oorskry.

"Dit sou nie moontlik gewees het as ons lede nie baie hard gewerk het om kaartjies te verkoop vir die groot geleentheid wat saam met die Pierre van Ryneveld gemeenskapskerk aangebied is nie. Die sukses is verder verseker deur mense buite Sawa te betrek. Ek bedank graag elkeen wat deel was van hierdie grootse poging en ook die gemeenteraad wat ons vennote was", het Hennie Ferreira, streekvoorsitter gesê.

'n Glasië sjampanje is na die vergadering geklink om te bevestig dat dit 'n klinkende sukses was.

In 'n brief aan kaartjie-verkopers en helpers die oggend na die vergadering skryf Hennie o.a.

"Dis met dankbaarheid teenoor ons Skepper dat ek bevestig dat ons R32 150 (wins na koste) vir Kiepersol ingesamel het."



*Johann Lemmer, Frank Smith, Magriet Baker, Rigard Lemmer, Hennie Ferreira en Jerome Henning na die onlangse streekbestuursvergadering.*

- Foto: André Baker

## Mandaat bevestig

Die streekbestuur het die redakteur se mandaat bevestig dat die plasing van berigte en artikels nie noodwendig die standpunt van die streekbestuur of Sawa is nie. Dit is 'n manier om menings te toets (vlieërs op te stuur) sonder om die bestuur te kompromitteer. Dit stel die redakteur in staat om menings van lesers te publiseer wat krities van aard kan wees. Hierdie openheid en vloei van inligting is noodsaaklik vir 'n goed ingeligte ledekorps wat in wisselwerking met die Sawa-strukture positiewe bydraes in belang van die organisasie kan lewer.

## Positief oor Presidente

*Jurie Dreyer, nasionale voorsitter, wat by die oop NUB 'n versoek gerig het dat streke 'n opname oor die Presidente-saamtrek maak*



Die streekbestuur het die verslag oor die opname wat by lede oor die Presidente-saamtrek gemaak is ter tafel geneem. Dit is gedoen na aanleiding van die versoek wat Jurie Dreyer, nasionale voorsitter, by die oop NUB gerig het.

In die verslag sê Kiepersol se voorsitter dat dit los gedagtes is waaroor verder besin moet word. Daar is ook uiteenlopende menings uitgespreek.

Uit die kommentaar is dit duidelik dat die lede nie net wil kritiseer nie maar 'n positiewe bydrae wil maak.

Oor die algemeen word die Presidente positief beleef en die belangrikste redes hoekom nie meer lede dit vanjaar kan bywoon nie is omdat die Paasnaweek so laat in April is en mense dit koppel aan ander vakansiedae om elders te gaan uitspan. Nog 'n rede is dat persoonlike en veral gesins- en gesondheidsomstandighede verhoed dat die geleentheid bygewoon kan word.

Addisionele kommentaar is ook gelewer en die vertroue is uitgespreek dat dit die nodige aandag op nasionale vlak sal geniet. Die lede het moeite gedoen om insette te gee en daar sal aan hulle terugvoer gegee moet word.

Foto's in hierdie blad is geneem deur Johann Lemmer

## Kiepersol verwelkom vier nuwe lede in hul midde



*Magriet en Con Arnold*



*Elma en Willie Bronkhorst vanaf Oosvaal*

# Kuiernaweek by Waterberg was baie lekker

Kiepersol was by sy Maartkamp die gas van Waterberg wat 'n baie geslaagde kuiernaweek by Emmentia Geldenhuys vanaf 11 tot 13 Maart 2011 aangebied het. Die streek se voorsitter, Mel Ueckermann, het gesê dat daar 35 woonwaens was en dat hulle bevoorreg was om die Presidentspaar van SAWA, Nico en Sarie Spaumer, by hulle te hê. Ander lede van die NUB wat saamgekamp het was Fanie (nasionale penningmeester en gebiedsvoog) en Berta Jordaan, Willie (nasionale sekretaris) en Elma Bronkhorst asook Pieter (gebiedsvoorsitter) en Johanna van Biljon.



*Pieter van Biljon, Nico Spaumer, Willie Bronkhorst, en Fanie Jordaan*

Benewens die 15 woonwaens van Waterberg was daar 12 van Kiepersol en drie van Jukskei asook vyf gaste. Mel het vervolg:

"In samewerking met Dirk Kloppers (terreinbestuurder) en sy span, het Streek Waterberg voor die saamtrek hulle 'Span Ablusie' ingestuur (Dinsdag) en die ablusies is uitgeverf, geskrop, gere-



*Die ablusiegeriewe is opgegradeer*

pareer en alle instandhouding op datum gebring. Ons dames van 'Span Ablusie' het dan ook nuwe stortgordyne, vullisblikkies, toiletoortreksels ens. bygebring en ons was trots om te wys wat kan geding word met 'n bietjie beplanning en harde werk.

"Van Kiepersol en Waterberg se senior burgers, asook ons SAWA-President, het Woensdag al gearriveer. Vrydag het ons gaste begin aankom.



*'n Deel van die Kiepersollers wat hamburgers gemaak het*

Ongelukkig was daar 'n ernstige ongeluk op die snelweg naby die Mantsole weegbrug (30 km suid van Warmbad). Louwtjie en Linda de Jager van Kiepersol het eers tienuur by ie kamp aangekom na ses uur op die pad. Dis nou deursettingsvermoë!

"Vrydagaand hou Frieda Burger boekevat en daarna



*Schalk en Marianne Nolte bied "Musiekraai" aan*



*Waterberg het vroeg Saterdag begin om pannekoek te bak*

het Kiepersol hamburgers gemaak, dit was baie lekker! Na die hamburgers het Schalk Nolte sy 'Musiekaand' aangebied en daar is lekker gelag.



*Elma en Alet het klaar gekoop by die marktafel*

Die span bestaande uit Johann Lemmer en Frieda Burger ken hulle musiek en tree as die weners uit die stryd.



*Du Preez, Hennie, Hendrik, Mel en Jantie maak die braaivleisvure gereed*

"Saterdagoggend hou Floors Steenkamp boekevat, Die Waterbergers was vroeg besig om pannekoek te bak en te verkoop en daarna is die marktafel goed ondersteun. Toe was daar tyd vir kuier. Die omgewing is verken, party was ook by Klein Kariba en 'n paar het Sondag by Marula geëet.

"Terwyl 'n hele klompie kampeerdere Saterdagmiddag die lafenis in die swembad opsoek het, het



*By Sondagoggend se tradisionele tee was, soos gewoonlik, baie eetgoed*

'Span Braai' oorgeneem en die braaivure is gepak asook die vier kegels gelaai met hout wat oom Willem en tannie Ellie geskenk het. Schalk Nolte verskaf ligte agtergrondmusiek en die 'ambiance' is geskep; ons het baie lekker gekuier. Willem en Maria Nordeje het ook by ons aangesluit sowel as pastore Hentie en Edna Ellis met hulle seun Walter en sy vrou Nicole.

"Sondagoggend het pastoor Edna Ellis die erediens gehou. Sy het haar boodskap gefokus op die belang-



*Fanie Venter en Frank Smith was die sousmanne*

rikheid van gebed – dankie Edna. Daarna het Nico Spaumer Doep en Anna du Pisanie ingehuldig as nuwe Waterbergede; dit was 'n pragtige geleentheid", aldus Mel.

Streek Kiepersol en satelliet Jukskei het hulle gelukwense en waardering teenoor die Waterbergers uitgespreek vir 'n uiters suksesvolle naweek. Hulle gasvryheid en meelewendheid het dit 'n onvergeetlike geleentheid gemaak. Hierbenewens was die ablusieblok "spotless" en die "ambiance" wat Saterdagoggend geskep is het die atmosfeer onvergeetlik gemaak. Alles het seepglad verloop en Mel en sy "spanne" het werklik gewys hoe dit gedoen word. As hierdie saamtrek 'n naam moet kry behoort dit "Saamtrek Ambiance" te heet.



*Kiepersollers Willem en Maria Nordeje op hulle ysterperd nadat hulle by ons gekuier het*